

# *Qua Vadis?*

**EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA**

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 86**

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

# VERVREEM VERVREEM VERVREEM VERVREEM VERVREEM

Ek wil graag met jou gesels oor die Groot Vreemdeling in jou lewe:

- Die Een wat elke dag sy son laat skyn oor goeies sowel as slegtes.
- Die Een wat jou en my gemaak het.
- Die Een sonder Wie ek en jy geen tree kan gee nie.

Hy is hier by jou deur sy alomteenwoordige krag; anders sou jy nie gelewe het om hierdie stukkie te kan lees nie, maar Hy is vir jou 'n Vreemdeling.

## **Hoe het dit gebeur?**

Miskien het jy Hom geken... maar êrens langs die pad het jy van Hom af weggebreek.

Miskien het jy Hom geken... maar jy het in 'n stroom beland waarin daar vir Hom nie plek is nie.

Miskien... het die dwelms in jou lewe Hom in 'n digte wolk verberg.

Miskien... wil jy Hom nie meer ken nie.

Daar is so baie redes waarom Hy die Groot Vreemdeling in jou lewe geword het.

## **'n Vlugteling**

Die gevolg van hierdie proses is verreikend. Laat jou gedagtes maar net 'n bietjie daaroor gaan. Wanneer die mens niks met God te doen wil hê nie, dan wil hy met sy eie ware menswees ook niks te doen hê nie. So 'n mens word self 'n vreemdeling.

Jy ken jouself nie meer nie, want jy ken jouself net in die weg beweeg van God af. God het die mens geskape om na Hom toe te beweeg. Daarom word die mens wat van God vervreem het, 'n vlugteling — 'n vlugteling soos Adam wat vir God wegkruip. Vervreemding van God en jyself 'n vreemde vlugteling.

## **Nog meer**

Die gevolg is ook vervreemding van jou medemens. Ruk die band met God los en die band met die naaste is ook daarmee heen. Jou medemens word vir jou ook 'n vreemdeling. Jy ken hom nie meer nie, want jy ken jouself nie meer nie. Dit alles, omdat God die Vreemdeling in jou lewe geword het. Kain wat vir God geen ontsag meer gehad het nie, slaan sy broer dood. Van God vervreem en van sy broer vervreem. Met God wil hy niks te doen hê nie en met sy broer nog minder.

Die een vervreemding roep die volgende op — totdat ek besef ek het 'n vreemdeling geword.

Ek het 'n vreemdeling geword vir: my vrou en kinders, hulle wat saam met my werk, hulle wat vroeër vriende was en die kerk. Ek het 'n vreemdeling geword, want ek het myself vreemd gemaak deur met God niks te doen te wil hê nie.

### **Laat jou met God versoen!**

Waarheen lei hierdie pad van vervreemding? Na altyd groter vervreemding wat met die jare meer intens word... bitter, tragies en ten slotte fataal.

Jy sterf as 'n vreemdeling, want jy wil met God niks te doen hê nie. Dit is tog nie die pad wat jy wil gaan nie! Dit is nie die pad wat ons jou toewens nie, want die liefde van Christus dring ons om vir jou te sê: versoen jou met God!

Versoening wat beteken dat God nie meer die Vreemdeling in jou lewe is nie. Versoening wat inhou dat jy ook nie meer 'n vreemdeling is nie. Hierdie versoening is bewerkstellig op Golgota waar Jesus jou en my vervreemding op Hom geneem het.

By die kruis op Golgota is jy nie meer 'n vreemdeling nie... en God ook nie. Daar vind jy die God wat bekend is met jou lewensomstandighede — bekend met jou nood en kommer. Inderdaad — Hy is Die Groot Bekende! Dit is ek en jy wat die groot vreemdelinge is wanneer ons niks met God te doen wil hê nie.

**A.L.C.**

# HULLE VERSTAAN MY NIE...

Dis 'n jongmens wat praat. Ek is van 'n nuwe geslag met nuwe modes, nuwe gebruike, nuwe uitkyk op die lewe. Ek is jonk. Ek wil vrolik wees.

Nou wil ek kla oor ouers wat my nie verstaan nie, glad nie verstaan nie; oor die oumense wat my wil vashou; oor die inperking van my vryhede as mens; oor aanmerkings oor my moderne lewenswyse en omdat ek altyd voorgesê word wat om te doen.

## **Regverdiging...**

Ek kan myself verantwoord waarom ek kla. Elke mens het sy eie reg van bestaan. Elke mens het sy eie reg om op te tree soos hy wil... binne perke van die algemene opvatting. As ek my hare op 'n sekere wyse wil dra, dan dra ek dit so. Wie benadeel ek daardeur? As ek 'n sekere kleredrag wil dra omdat dit vir my mooi is, is ek dan nie vry om dit te doen nie? As ek iewers heen wil gaan, dan moet dit my vry staan. Niemand het die reg om hier in te meng nie. Dit is my gebied en my reg.

Hoe kan my ouers op hierdie gebied kom inmeng? Hoe kan hulle my voorsê wat om te doen, en wat nie? Hulle weet niks van my af nie. Hulle weet nie hoe ek dink nie. Hulle weet nie hoe ek redeneer nie. Waarom wil hulle my vashou? Waarom wil hulle my gedurig voorsê?

Hulle verstaan my nie!

## **Die ander kant...**

Ek het mooi geluister na jou redenasies. Ek het goed geluister na jou klagtes. Nou wil ek jou net iets vra en ek wil hê jy moet goed nadink.

Jy kla dat jou ouers jou nie verstaan nie. Jy sê dat hulle altyd inmeng en pret bederf, maar nou vra ek: Verstaan jy hulle? Het jy al ooit probeer verstaan waarom hulle aanmerkings maak oor jou kleredrag, jou laat nagte uit, jou vriende, die musiek waarna jy luister?

En moenie nou sê dat hulle oudmodies is nie, want dit wys maar net dat jy hulle nog nooit probeer verstaan het nie. Dit is nie die mode wat die mens verander nie, maar die mens wat die mode verander.

## **Aan die vere...**

Weet jy hoekom hulle jou probeer vashou? Nie om jou af te sonder van die res van die wêreld nie, maar juis om jou te leer waarheen om te gaan. Het hulle al ooit probeer om jou weg te hou van kerklike samekoms? Hoekom laat hulle jou daarheen gaan en nie na 'n pop-jol nie?

Jy sê hulle maak aanmerkings oor jou moderne lewenswyse. Sê eers vir my: Waarom trek jy aan soos jy nou aantrek? Waarom laat jy jou hare groei? Dis jou reg as individu, sê jy. Dit is mode. Dit is vir jou mooi. 'n Mens word nie geoordeel na sy uiterlike nie, maar na sy innerlike. Goed, maar waarom dink jy maak jou ouers opmerkings oor jou kleredrag? Omdat hulle dink dit is verkeerd of omdat hulle dink dit is lelik? Nee, hulle weet tog smaak verskil!

Dit is omdat hulle jou assosieer met mense wat net soos jy lyk en alles behalwe 'n skoon lewe lei. Hulle assosieer jou met dwelmslawe, vrye-liefde-aanbidders en lamsakke.

### **Deur die skool...**

Jy sê ook dat hulle jou gedurig voorsê wat om te doen? Sê jy hulle nie ook maar voor as jy sê hulle moet jou uitlos, sodat jy kan doen wat jy wil nie? Jy sê dat jy vry is, maar hulle is ook mos vry en kan vir jou sê wat hulle wil! Hulle sê jou voor met 'n rede en 'n baie goeie rede daarby. Het jy al daaraan gedink dat hulle ook 14, 16, 18 jaar oud was? Hulle ken jou. Hulle weet wat jy wil, omdat hulle dit ook wou.

Hulle weet egter ook wat jy nie weet nie. Hulle weet van klippe langs die pad wat jy dalk nie sien nie. Moet jy nie weer 'n keer gaan dink nie? Dalk is hulle tog reg.

**E. F. J. Snyman**

# DIE MAN WAT NIE MEER INPAS NIE

Jy sê dat jy sommer by die bymekaarkom-slag jou sê oor die predikant in eerlikheid wil sê. Jy, wat 'n intellektuele beroepsmens is, wil jou mening lug oor die predikant — die man wat net nie meer inpas in die lewensstyl van ons tyd nie.

Ek is bereid om te luister as jy praat — in eerlikheid en opregtheid te luister. Jy sê dat die predikant vir jou die man is wat net nie meer inpas nie. Die rol wat hy vervul, het swewend geword. Hy is die man wat daarop staan dat hy gesag dra, terwyl jy lewe in die harde besigheidswêreld waar almal gemeet word aan doeltreffendheid.

'n Dokter word gemeet aan sy professionele vaardigheid. Jy as direkteur van maatskappye word getoets aan jou hardwerkendheid en jou gawe om die gaping vir 'n transaksie raak te sien. Wat is die toets vir die predikant? Hy eis vir homself gesag op in 'n wêreld wat met gesag geen snars meer te doen wil hê nie. Die paar Sondae wat jy gaan luister het, het hy jou oorgiet met 'n woorde-waterval wat met die praktyk van jou lewe niks te doen het nie. Jy het besluit om nie weer te gaan luister nie.

Hy is so afsydig, uit die hoogte, sonder begrip, lewensvreemd. Hy leef vyftig jaar terug in die geskiedenis en as hy preek, slaan hy die probleme van die ou tyd aan flenters. Jou laat hy egter koud. Wat hy sê, vloei soos 'n breë stroom by jou verby. Hy pas net nie meer in nie.

\* \* \*

Ek is bly dat jy hierdie dinge gesê het. By die lys wat jy vasgespyker het, kan ek nog baie byvoeg. Baie dinge kan van die predikant gesê word — dinge wat die verhaal vertel van lewensvreemdheid, gebrek aan begrip en liefde, afguns, koue kritiek uit die hoogte.

Hulle is ook maar vol sonde hierdie mense. In hierdie opsig staan die predikant langs jou, want voor God is almal vol sonde. Beide jy en die predikant kan alleen leef van God se genade. God wil daardie man, vol sonde, gebruik om die skitterglans van sy genade tot ander te dra.

Juis daarom stuur Hy só 'n man na jou en nie 'n bliksemstraal om jou tot besinning te ruk nie. Dit is God se geheimenis in daardie lang pad wat Hy met die predikant stap. Deur sy gebreke wil God die verhaal skryf dat ons hier nog lewe in 'n gebroke wêreld. Deur sy flaters verstaan ons dat ons hier nog heen en weer slinger op die weg van menslike onvolmaaktheid.

Jy word tog ook moeg. Jy ken tog ook die magteloosheid wat 'n mens oorrompel as jy voor toe deure en doodlooppaaie te staan kom. Jy, as verantwoordelike man, weet ook wat dit is om mense te probeer inspireer en hulle nie te dryf nie om dan te vind dat hulle hul rug op jou draai.

Dit is God se geheim met die predikant. God se mag lê in sy magteloosheid en God se genade skitter die meeste in iemand wat homself moet voortsleep met 'n doring in die vlees. Dit is God se geheim met dié man.

Verdra en vergeef die predikant maar. Probeer glo dat hy in opregtheid na jou wil luister.

Moet nooit die fout maak om jou geloof op die predikant te bou nie — dan bou jy op sand. Die predikant is maar net 'n winkende hand na Jesus Christus. Al pas hy volgens jou mening nie meer in nie — God gebruik hom.

Juis omdat God te midde van jou en die predikant se gebroke lewe, julle albei wil invoeg in sy genadewerk. Bid vir hom. Hy bid vir jou... al sê jy hy pas nie meer in nie!

**C. J. H. Venter.**

# BETOGINGS

## 'N PLAAG

'n Nuwe instelling word aangehang: om te betoog.

Oorsee is dit volop. Luister maar na die nuus of lees maar u koerant. Selfs by ons dit nie meer onbekend nie.

### **Optogte**

Betogings en optogte gaan dikwels hand aan hand. Leiers, aanhangers en simpatiseerders stroom na mekaar toe, totdat daar soms duisende mense is. Kriewelende mensemassa beweeg deur die strate om êrens saam te bondel.

### **Plakkate**

Van ver af kan 'n mens die punt sien nader. Hulle kan erken word vanweë al die plakkate wat hulle dra. In beeld en woord word hulle boodskap uitgedra. Dikwels is dit hier ook waar dat elke ketter sy letter het en hy dra dit hoog soos 'n vlag. Met 'n handvol woorde of 'n paar verfkwasstrepe stel hy sy saak. Kernagtig teken hy sy brief — dit is gewoonlik waaroor dit gaan. Soms swyg hy, soms skreeu hy, maar wat betoog, is hy!

### **Waarvoor?**

Wanneer 'n mens oor die wêreld kyk, sien 'n mens betogers met die mees uiteenlopende doelstellings. Een begeer vrede, 'n tweede opstand, 'n derde wil alle politieke gevangenes losgelaat sien, 'n vierde bepleit veelrassige sport, 'n vyfde begeer 'n wonder uit die hemel.

Die mens met die plakkaat en die slagspreuk is iemand wat nie die moed van sy oortuiging het of kans sien om sy saak langs die regte weg te bevorder nie. Daarom probeer hy nou afdwing. Hy wil nou self die orde reël. Omdat hy in die minderheid is, soek hy simpatie en probeer hy die owerheid en die publieke opinie swaai, sodat hulle na sy pype kan dans. Hy probeer skeure en krake in 'n hegte samelewing teweegbring. Hy is dikwels die martelaarsfiguur wat homself beskou as die roepstem in die woestyn.

### **Mag ek?**

'n Opgevoede mens sal homself, voor hy aan so iets deelneem, eers afvra: is dit reg? Elke persoon het reg op sy eie oortuiging en elke persoon moet vryheid van spraak hê. Beteken dit egter dat 'n mens ongebonde is, dat jy moet kan doen wat jy wil en sê wat jy wil?

Die antwoord is NEE, want vryheid en bandeloosheid is nie dieselfde nie. 'n Gehoorsame landsburger is 'n vry mens. 'n Ongehoorsame, wat bandeloos wil wees en geen gesag wil eerbiedig nie, beland spoedig in die gevangenis. Waar is sy vryheid dan?

Om waarlik vry te wees, moet 'n mens jou met een band goed vasbind en dit is die band met God. Iemand wat sonder daardie geloofsband met die Here is, val homself te pletter in die verderf! Daardie band bind ons ook wanneer dit kom by betogings.

### **Die uitnemender weg**

'n Mens moet jou ten alle koste beywer vir reg en geregtigheid, maar dan moet 'n mens twee dinge onthou:

- maak seker dat jou feite reg is en



- maak seker dat jou optrede reg is.

Beproof en toets jou saak en bewandel dan die weg van oortuiging en oorreding. Wie dit nie doen nie, wie sommer 'n mooi klinkende saak aangryp en alles daarvoor wil maak en breek, wie wet en orde in eie hande neem, vermorsel homself. Gesag kom van God en ons moet ons onderwerp.

Wil u tog 'n slagspreuk hê? Weg met betogings en weg met geweld. Rig net vertoë — so laat jy jou geld!

**Arnold H. Mulder.**

# Ons liefde is krank!

## By u ook?

U voel so teleurgesteld in u maat...  
het geen waardering vir u vrou nie...  
'n oggendgroet is te veel gevra...  
waarderende woorde is swaar sake...  
wat soete drome was, het nagmerries geword.

## Uit ander se foute

Selfs uit 'n ander se nagmerrie, kan mens leer.  
Het u al van die nare droom gehoor?  
'n Jong verloofde meisie droom dat sy slaap.  
Sy hoor dat haar verloofde klop, sy moet opstaan —  
hy het kom kuier en sy bly roerloos lê — 'n grappie.  
Na 'n rukkie roep hy — al die mooiste name: Duifie!!  
Sy laat hom nog staan.  
Weer praat hy: "Ek het opgeoffer om te kom — gewaag!"  
Sy beproef sy geduld steeds. Hoe sal hy dit opneem?  
Sy laaste poging is reukwater — 'n geskenk — 'n bewys.  
Hy gooi 'n bietjie reukwater by haar kamer in, 'n  
bewys dat hy daar was... en hy draai om... teleurgesteld.

## Die ander een se beurt

Toe vlieg sy op... maar te laat.  
Sy droom verder hoe sy histories die nag inhardloop.  
Sy moet haarself nou te buite gaan om hom te oortuig.  
Sy het dit nie so bedoel nie. Sy gee alles vir hom om.  
In die proses — om te vergoed — raak sy selfs slaags  
met die polisie, sy word geslaan, beledig, sy veg, maar dit geluk haar om  
los te kom. Hulle hou egter haar kamerjas agter. Sy is ongekleed!  
Sy skrik wakker.

## Wat 'n verligting!

Kan daar nie vir u ook verligting kom nie?  
Skrik uit u nagmerries wakker en gaan lees hierdie verhaal: 'n Bybelles volledig in  
Hooglied 5.

## Dit maak die liefde krank

as net een geduld moet hê, as net een moet offer, dien, vergiffenis moet vra, as net een  
moet gee en soebat en bou.  
Kyk, jou lewensmaat kan nie altyd skok trotseer nie.  
Skrik wakker, liefde is nie mateloos geduldig nie.  
Die liefde kan groot skokke en rampe en skade oorleef, maar klein dingetjies kan dit soms  
nie verdra nie.  
'n Oggendsoen wat uitbly of dankie vir die tee.

## **Die Reukwater**

Die Reukwater van ons getroude lewe word deur die klein dingetjies uitgemaak. Wat sit daar nie in waarderende woorde nie?

Hoeveel helende krag lê nie in welmenende geskenkies nie?

Jou maat wil raakgesien en na waarde geag word.

Maar dis nie al nie. Die egte binding kom van Jesus Christus.

Hy sorg dat die bruilof nooit tussen man en vrou ophou nie.

Jesus Christus is die Hersteller. Hy bou egter nie op 'n gebarste fondament nie.

Wat Hy vra is erkentlikheid, eerlikheid, opregtheid.

Erkenning dat jy die nagmerrie-dromer is.

## **Ben Prinsloo.**

## *Klein dingetjies. . .*

Toe 'n groot brug oor die Niagara gebou moes word, het die ingenieurs voor die moeilike vraag gestaan hoe hulle die kabel wat die brug dra, na die oorkant moes bring. Spoedig het iemand 'n plan voorgestel. Toe die wind gunstig was, het hulle 'n vlieër laat opstyg en dit mettertyd op die oorkantste oewer laat neerstryk. Aan die dun koord van die vlieër het hulle toe 'n effens dikker koord verbind en dit oorgetrek, aan die koord weer 'n tou, daaraan 'n dikker tou en eindelijk 'n kabel, sterk genoeg om die magtige ysterkabel te span wat die brug in staat stel om veilige oortog vir swaar belaaide voertuie te bied.

'n Les vir ons wat so maklik die klein dingetjies oor die hoof sien en minag. Die eenvoudige gebed, die gehoorsame kerkgang, die getroue omgang met die Bybel — hoe dikwels was dit nie al die brose koorde waardeur God magtige dinge hul bestemming laat bereik het nie? Dis dikwels die klein dingetjies wat oor die lotgevalle van volke en lande beslis. Daarin word geopenbaar hoe God in sy mag en wysheid die allerkleinste dingetjies gebruik om sy doel te bereik.

As die klein dingetjies dan vir Hom so belangrik is — ook die klein mensies — hoe kan u dan daarop neersien? Wat is u en ek per slot van rekening anders as stoffies aan die weegskaal en druppels aan die emmer? Tog verag God ons nie.